

WATERSLAAI

LESLEY HENDERSON en CARINA CILLIERS
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming, Pretoria

Waterslaai (*Pistia stratiotes* L.) is 'n meerjarige waterplant wat bestaan uit 'n blareroset met 'n tros lang, veselagtige wortels daaronder. Dit is hoofsaaklik 'n vrydrywende plant, maar dit kan ook lang tydperke as 'n halfgewortelde plant in modder oorleef.

Die blare is bleekgeelgroen, omgekeerd-eierrond, smaller aan die basispunte en gerond-reguit of effens ingekeep aan die eindpunte. Die blare is gerib na die eindpunte toe en verdik by die basisse. Albei kante van die blaar is sagbehaard en 'n groot aantal prominente lengte-are straal vanaf die basis uit.

Die deursnee van die plante is onder die meeste Suid-Afrikaanse toestande selde meer as 15 tot 20 cm, maar in gunstige tropiese of

kweekhuistoestande, of in water wat ryk is aan voedingstowwe, kan hulle twee maal so groot word.


Die blomme is bleekgroen/wit, onopvallend en word deur 'n wit skutblaar omsluit. Die vrug is 'n bessie met 'n groot aantal klein saadjies.

Voortplanting geskied hoofsaaklik deur middel van groeiknoppe en groot plante is gewoonlik omring van klein "dogterplantjies". In September 1987 is saailinge, afkomstig van saad, die eerste keer in die Sabierivier opgemerk, wat bevestig dat lewensvatbare saad in Suid-Afrika geproduseer word.

VERWANTE SPESIES

Waterslaai is die enigste spesie in die genus *Pistia* en dit is onwaarskynlik dat dit met enige ander spesie in

FIG. 1. Waterslaai (*Pistia stratiotes* L.)






FIG. 2. Verspreiding van waterslaai

Suid-Afrika verwar kan word. Daar kom verskeie inheemse spesies in dieselfde familie voor, onder andere aronskelke, maar al hierdie spesies is landlewende, kruidagtige plante met wortelknolle.

VERSPREIDING

Waterslaai kom in feitlik al die tropiese en subtropiese streke van die wêreld voor. Die land van oorsprong is egter 'n omstrede vraag onder plantkundiges. Waarskynlik is dit in baie gebiede ingebring weens die medisinale waarde daarvan in antieke tye. Volgens Plinius (77 n.C.) is dit in Egipte gebruik om wonde en erisipelas (belroos) te genees.

Dit kom wydverspreid in tropiese Afrika voor en gee veral las in die Bo-Nyl, Zambië, Kenia, Zimbabwe en die kusgebiede van Angola en Mosambiek. In die Nigerdelta is dit een van die vernaamste drywende komponente van opdrifsel.

Die voorkoms daarvan is in Transvaal in die Limpopo-, Levubu-, Pafuri- en Sabierivier aangeteken asook in afgesonderde panne in die Pafurigebed van die Nasionale Krugerwildtuin. In Natal is dit in verspreide lokaliteite oor die hele lengte van die kusstreek aangeteken. In die noorde van Natal kom gelokaliseerde groepe voor in die vloedvlakte van die Pongolarivier en in panne, mere en moerasse. Die voorkoms van waterslaai in die Oos-Kaap is in 1981 by Oos-Londen aangeteken. Dit is feitlik seker dat dit deur individue of 'n plaaslike kwekery as tuinversiering vanaf Durban gebring is. Plante wat as 'n "skuiling" vir visse gebruik is, het veroorsaak dat waterslaai diep in die binneland op 'n dam wat onlangs naby Mafikeng gebou is, voorkom. Die afwesigheid in Suid-Afrika van waterslaai-spesifieke natuurlike vyande bevestig dat waterslaai nie inheems in Afrika is nie. Die meeste gasheerspesifieke natuurlike vyande is in Suid-Amerika aangeteken, wat daarop dui dat waterslaai waarskynlik inheems in dié vasteland is.

EKOLOGIE

Waterslaai kom in 'n groot verskeidenheid waterhabitats voor, maar dit floreer veral in stil water en waar daar minimale watervloei is. Dit wil voorkom of dit 'n lae souttoleransie het. Dit aard die beste in rypvrye gebiede maar kan matige ryp oorleef. Dit kan ook in 'n gereduseerde vorm op klam grond voortbestaan, veral onder vogtige toestande.

Waterslaai word hoofsaaklik deur riviere en vloede versprei. Saailinge en kleiner plante kan versprei word deurdat dit aan voëls en ander diere vassit. Dit is egter meer waarskynlik dat die saad in modder deur waadvoëls opgetel word. Mense speel ook 'n rol in die verspreiding van die plant. Waterslaai kom byvoorbeeld in die Sabierivier in Oos-Transvaal voor as gevolg van plante wat doelbewus na 'n tuindam in die bolope van die rivier gebring is en van waar dit "per ongeluk" na die rivier versprei het.

WETGEWING EN BEHEER

Kragtens die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne No. 43 van 1983, is waterslaai 'n verklaarde onkruid. Die wet is hoofsaaklik daarop gemik om die verkope en verspreiding van die plant te voorkom. Die plant word in Suid-Afrika nie as 'n ernstige probleem gesien nie; dus is daar geen onkruidodders vir die beheer daarvan geregistreer nie. Die gasheerspesifieke snuitkewer, *Neohydronomus affinis* (Hustache) (Coleoptera: Curculionidae), is ingevoer en op waterslaai gevestig. Oral waar die snuitkewer vrygelaat is, het dit die onkruid biologies beheer. Aangesien biologiese beheer permanent is nadat dit die eerste keer toegepas is, is dit onwaarskynlik dat waterslaai ooit in Suid-Afrika 'n ernstige probleem sal word.